

Die beeld is duursamer as die begrip

Heilna du Plooy

Heilna du Plooy, Navorsingseenheid Tale en Literatuur, Noordwes-Universiteit (Potchefstroom)

Opsomming

Hierdie artikel het ten doel om die poëtiese nalatenskap van N.P. Van Wyk Louw en die oorlewingsvermoë, dit wil sê die duursaamheid, van die poësie te ondersoek na aanleiding van resensies en studies oor Louw se werk wat berus op die interpretasie en intellektuele verstaan of begrip van die tekste. Die aanvanklike resepsie van die digbundels en die epos *Raka* van Louw, asook latere besprekings en studies van sy werk, word as uitgangspunt geneem om enersyds die teoretiese vertrekpunte onderliggend aan die verskillende lesings van die poësie te identifiseer. Andersyds word sowel Louw se nalatenskap as die ontwikkeling van uiteenlopende sienings van sy werk beoordeel en in perspektief geplaas. Die draad wat die argument saambind, is die konsep van tyd, spesifiek die idee van historisiteit, oftewel die "gewig" van die verlede in Ricoeur se terminologie. Skryf is een van die maniere om 'n greep te kry op die vlugtigheid en inkongruensie van tyd in menslike ervaring, maar die lees van literêre tekste het ook 'n invloed op mense se tydsbelewenis. Dit is veral belangrik in die huidige tydsgewrig, wat gekenmerk word deur oorvoedigheid en gelyktydigheid van inligting en ervaring waardeur die mens in 'n tydversnelling beland wat psigologies en kultureel vervreemdend kan word. Die slotsom waartoe gekom word, is dat die estetiese teks self in die gesprek in en om die literatuur die gang van tyd kan weerstaan, omdat daar in die onbegrensde en onbepaalde van die beeldrykheid van veral gedigte iets van die onbepaalbare aard van die betekenis van menslike belewenis in die werklikheid weerspieël word.

Trefwoorde: N.P. Van Wyk Louw; tyd; tydsbelewenis; poësie en tyd; resensies; die ontwikkeling van literêre teorieë

Abstract

The image is more durable than the concept

In this article, the title of which uses the word *image* metonymically for "poem", the notion that good poetry can withstand many different interpretations over time is explored. The argument in the article is delimited to three aspects, namely the ability of the poetic image to generate and regenerate meaning over time; durability, which is concerned with the ability of poetry to withstand and survive the passing of time as well as different theoretical approaches; and the nature and value of understanding or interpretation as the cognitive processing of aesthetic texts. A further delimitation lies in the fact that the article aims to explore the poetical legacy of the Afrikaans poet N.P. Van Wyk Louw, who was the leading figure of the so-called Dertigers, the poets who made their debut during the 1930's. The underlying question is how Louw's poetry was evaluated and interpreted at the time of publication of the consecutive volumes and whether (and how) the poetry has survived the passing of time.

The historical nature of the research which implies the interpretation of historical material makes it imperative to reflect on time, the experience and the passing of time and the effects of time on memory and understanding. Therefore the insights of Paul Ricoeur in his book *Mémoire, l'histoire, l'oubli* (2004) and the article "The art of time, theory to practice" by Jesse Matz (2011) are used to discuss salient philosophical and psychological aspects of time which determine understanding and memory. The main characteristic of time according to Ricoeur is its discordance: time is split into past, present and future, it is simultaneously sequential and durative, experiential and cosmological, and eternal as well as transient. One of the ways to get a grip on time is to write, to represent thoughts and memories in a material form, and this is applicable to the creative writing process as well as to the receptive and interpretative writing of critics and academics (see also Matz 2011:276). Writing as such can transcend time, but it also attests to the history of the development of ideas. Time is also of great importance at present. According to philosophers who concern themselves with time we are at present living in the era of the nanosecond, an era overcrowded with impressions and information in which people have to take note simultaneously of too many things too quickly. This causes a disintegration of experience and even potentially of the personality and affects the circulation of memory and all historical material (Matz 2011). Therefore the reconsideration of historical material in all its complexity and despite its undeterminable nature is regarded as important and valuable.

In order to determine the value assigned to the work and legacy of Van Wyk Louw a reception study of all the available reviews of Louw's volumes of poetry and his epic, *Raka*, which appeared in academic journals, magazines and newspapers, was undertaken. The reviews cover the period from 1935, when his first volume was published, up to more or less 1965 with reviews of his last volume, *Tristia*. Reviews of collections and reprints up to 1981 were also taken into consideration. A selection of representative academic articles and books on Louw's poetry up to the present were consulted in order to form an idea of the development of Louw's reputation and status as a poet. In the article, which reports on the research, the focus is not only directed at the evaluation of Louw's works, but the critical as well as the academic texts were studied closely to determine the underlying theoretical approaches which informed the different readings and interpretations.

The reviews of the first three volumes (from 1935, 1936 and 1942) are concerned with issues like the European influences in Louw's work, his position within the South African as well as European literary history, and attempt to determine his world view, especially within the South African context. Writing about the later two volumes (*Nuwe Verse*, 1954 and *Tristia*, 1962) differs from the previous reviews in the sense that much more attention is paid to poetic technique and close readings of the poems. *Nuwe Verse* is criticised severely by some reviewers, who consider the poems too simple and direct, but in most of the discussions single poems are analysed and interpreted in depth. More and more attention is paid to the deceptiveness of the simplicity of Louw's work; the excellent use of irony and ambivalence is pointed out; and much is made of Louw's intertextual approach in his poems. This development correlates with the theoretical developments in literary theory in the 20th century in which the focus shifted from a merely historical approach to New Critical close reading and an awareness of the structural and semiotic aspects of poetry. The way in which attention is directed at intertextuality and ambivalence also heralds the development of deconstruction in the theoretical discourse.

The same development, from history to focusing on the immanence of the text to the semiotic and eventually the deconstructive aspects of texts, is found in the academic work on Van Wyk Louw from more or less 1950 to 1980 and up to the present. After Louw's death

critical voices were also raised, and of these Jack Cope's book *The adversary within* (1982) is a good example. Cope interprets Louw's work, and especially the verse epic *Raka*, in an ideological way to be a reflection of Louw's nationalism. Two other prominent studies which are very critical of Louw's philosophical and ideological views are mentioned and discussed in the article, namely those of Gerrit Olivier (1992) and Karin Cattell (2008). Both of these, which are extended PhD theses, as well as Luc Renders's lecture in 2002, present deconstructive readings of Louw's oeuvre and point out the underlying ideological biases in the poems, dramas and essays.

Apart from being able to indicate the historical as well as the theoretical developments empirically by using Van Wyk Louw as a case study, the other important conclusion put forward in the article is that Louw remains an influential or "strong" poet whose work is still regarded as relevant and important even when the negative aspects are pinpointed and discussed. People taking part in the literary discourse still find Louw worth studying and a worthy subject when testing and developing new theories. The conclusion is reached that the ability of Louw's work to remain relevant and important is due to the quality of the poetry because the texts themselves keep providing enough material for thought and theoretical exploration. The value lies in the poems themselves, and the poems themselves "survive" while interpretations come and go and change according to the tenets of philosophical and theoretical movements.

In conclusion the article argues that some poetic texts, like those of N.P. Van Wyk Louw, possess the ability to transcend the passage of time and that this is most probably the case because poetic language as such enhances the open-endedness of language as a meaning-generating system. In this the figurative nature of poetic language and the image as such enhanced by other poetic devices, play a dominant role. This view of poetry, which is a "softer" view than that held by theorists of the past three decades, is underwritten by emerging literary theories which describe their position as a eudaimonic turn, and in which the appreciation of literature in terms of human values and ethics is advocated (Pawelski and Moores 2013).

Keywords: N.P. Van Wyk Louw; time; experience of time; poetry and time; reviews; the development of literary theories

1. Inleiding¹

Die titel van hierdie artikel verwys na drie begrippe: die beeld of metafoor wat sentraal staan in die poësie; duursaamheid, wat gaan oor tyd en oor oorlewing, oor die vermoë om weerstand te bied teen die vergetelheid wat met die gang van tyd saamhang; en begrip, wat te make het met verstaan en verstaansprosesse. Die argument gaan dus nie net oor die poësie self nie, maar juis oor reaksies op en besprekings van die poësie, want dit is inderdaad uiters relevant en insiggewend om die menings en teoretiese benaderings van ingeligte lesers in die gesprekke rondom die poësie te verreken. Verder word daar in die artikel spesifiek aandag gegee aan wat in reaksie op Van Wyk Louw se poësie geskryf is as die in-tyd-ontwikkelende verhouding tussen tekste en reaksies.

Die draad wat die argument saambind, het te make met tyd, en al word daar nie direk en uitvoerig aandag gegee aan die ander twee konsepte, die beeld en die begrip, nie, vanweë die fokus van die betoog, gaan dit by implikasie deurentyd juis om die bestaan en verstaan

van metaforiese taal, maar dan in tyd, in die verloop van die geskiedenis wat deur verskillende wetenskapsbeelde en literêre sieninge beïnvloed word.

Die mottogedig in Louw se bundel *Tristia*, "Voorspel 1950", verwoord sy poëtika vir die bundel, maar tyd speel in hierdie poëtika 'n belangrike rol en weerspieël Louw se sensitiwiteit vir die rol van tyd in menslike belewenis en in die poësie:

Voorspel 1950

Miskien sal ek die wingerd prys
en nooit meer van hom drink
en net in 'n verbeelde glas
die koel gedagte skink:

dié wat in jare donkerte
sy wynsteen kon laat sak
en niks wat somers is meer het
nie pit nie dop of rank:

miskien nog van Gods weë weet:
– Sy paaie en Sy pyn –
maar ingewikkeld alles ken
en mens wil wees én rein. (Louw 1981:229)

Hierdie gedig het te make met die ryppwordingsprosesse wat die skryf van 'n gedig moontlik maak en bepaal, maar dit het ook te make met 'n manier van lewe en van tydsbelewenis. Die gedig suggereer dat die idee waaruit 'n vers kom, tot groter suiwerheid moet groei, maar die mens groei en verander ook, en dit gebeur in tyd. In die laaste strofe word die wens of verlange uitgespreek om aan 'n bepaalde lewensuitkyk getrou te bly, om aan jouself getrou te bly en om met die dinge wat jy as waardevol beskou, op 'n verantwoordelike en veral eerlike wyse om te gaan, dus "mens" te wees en "rein", wat hier as opposisies teenoor mekaar geplaas word. Dit is geen eenvoudige saak nie. Wat vir hierdie artikel van sentrale belang is, is die vasvang van dié insig: dat die digter die koel en beleë gedagte, die wyngeworde, gesuiwerde gedagte, in die struktuur van die verbeelde glas giet. Die gedig verwys hiermee na die estetiese proses en vormgewing wat van 'n gedig 'n gedig maak. In die res van die artikel wil ek probeer aantoon hoe die estetiese teks skynbaar verskillende interpretasies en verskillende beoordelings en waardeskattings, dus verskillende intellektuele beskouinge, oftewel uiteenlopende vorme van begrip daarvan, kan oorleef.

2. Tyd

Dat menslike denke en begrip deur tyd en ruimte bepaal en begrens word, word algemeen aanvaar. As mense weet ons van ewigheid as die konsep wat temporele grensloosheid aandui en van oneindigheid wat verwys na ruimtelike grensloosheid, maar in die werklikheid van ons lewens, in ons tyd- en plekgebondenheid, ervaar of beleef ons hierdie absoluutheids nie en kan dit daarom nie werklik ken en begryp nie. Nogtans is dit essensieel om te begryp hoe alles wat ons doen en is, alles wat ons weet en bedink, deur tyd en ruimtelikheid beïnvloed word. Veral wanneer 'n mens praat oor skrywers wie se lewens verbygegaan het en oor die werk wat hulle nagelaat het, het jy uiteraard met al die verskillende aspekte van tyd te make.

Die motivering vir my fokus op die tydsaspekte van Van Wyk Louw as literêre figuur en sy werk is tweërlei. In die eerste plek word ervaring en begrip in tyd bepaal deur sowel kulturele en historiese denkmodusse as individuele aanvoeling, en om te gaan kyk hoe hierdie faktore ingewerk het op die lees en verstaan van die werk van 'n belangrike skrywer, digter en denker soos Louw, gee nie net insig in die skrywer en sy werk nie, maar ook insig in die denkprosesse en benaderings waarmee sy lesers sy werk benader het. Dit lei op sy beurt tot 'n bepaalde soort historiese insig wat vir die hede en ook vir die toekoms ter sake kan wees.

In die tweede plek is tyd en tydsbelewenis in die sogenaamde post-postmodernistiese of metamodernistiese era waarin ons ons tans bevind, van kardinale belang. Daar word deur die kontemporêre filosowe en teoretici wat hulle met tyd besig hou, beweer² dat die mens tans vasgevang is in wat genoem word "die epog van die nanosekonde". Die haas en spoed en veelvuldigheid waarmee dinge gebeur, veroorsaak dat die mens se vermoë om tyd te beleef en te bestuur, te kort skiet. Die gevolg daarvan is 'n kulturele en psigologiese ervaring van onsamehangendheid en verbrokkeling.

In ontwikkelde lande is die mens van die vroeë 21ste eeu se sterkste tydsbelewenis momenteel en onmiddellik. Tyd is "vandag, hier en nou", want dít is al veel om te behartig. Matz (2011:273) verwys na bydraes van Jean-Francois Lyotard, Fredric Jameson, David Harvey, Antonio Negri, Richard Sennet en James Gleick tot die gesprek oor die postmodernistiese tyds krisis en volgens hierdie ontleders van die post-postmoderne kondisie is mense tans dikwels nie voldoende in staat om soepel en met insig om te gaan met die inhoud van of die verhouding tussen verlede, hede en toekoms nie. Gevolglik begryp hulle nie die konsekwensies en belang van tydsperiodes in die bestaan en duur daarvan nie en kan hulle hierdie soort inligting en ervaring nie op 'n sinvolle wyse in hulle lewens opneem en integreer nie. Daar is ook 'n wederkerige wisselwerking tussen die tyds krisis en die kontemporêre krisis in denke oor herinnering en ervaring en dit lyk ook asof bogenoemde teoretici dink dat die probleem van tydsverwarring en tydsversnelling tans nie opgelos kan word nie, omdat die probleem en die potensiële oplossing aan dieselfde beperkinge en omstandighede onderworpe is (vgl. Matz 2011:273–5).

In sy boek oor narratiewe tyd bespreek Ricoeur (1984:66–7) die ontologie van tydsbelewenis en toon aan dat die menslike belewenis van tyd onsamehangend, inkongruent of nieharmonies is. Tydsbelewenis is eintlik "ongerymd" in sy uiteenlopendhede. Tyd word beleef in terme van die splitsing in verlede, hede en toekoms; tyd is tegelyk opeenvolgend en duratief; tyd word individueel en plaaslik, dus in onmiddellikheid, beleef en is ook kosmologies; tyd is verder tegelyk oneindig of ewig en tog ook momenteel, verganklik en vervlietend. Mens kan dit saamvat deur te sê dat tyd as 'n meervoudige en meerledige belewenis onvermydelik onsamehangend en uiteenlopend, inkongruent of nieharmonies en ongrypbaar is.

Een van die maniere om 'n houvas op tyd te kry, is om dinge op te teken. Hoewel die konkrete teks in werklike tyd bestaan, na tyd verwys en in tyd gelees word, is daar ook die aktiwiteit waardeur die onsamehangendheid van die belewenis van tyd in tekste gestruktureer word om 'n houvas op momente van bestaan en insig te kry. Die representasies van en reaksies op tyd vertoon dus in literêre maar ook in teoretiese en kritiese geskrifte 'n kongruente inkongruensie, 'n skyn van temporele samehang, en dit word verkry deur die meerledigheid van werklike tyd logies en samehangend voor te stel in taal. Digtters en verhaalskrywers doen dit spontaan, maar die interpretasie van tekste word ook opgeteken en hierdie geskrifte verskaf ook inligting en insig in tydsaspekte, ten opsigte van die tematiek of tegniek van die tekste, dit wil sê die manier waarop die tekste met tyd

omgaan, maar ook in terme van hulle eie historisiteit (Matz 2011:285 e.v.). Hierdie sekondêre geskifte word ook weer en weer later gelees in prosesse waarin al dieselfde veranderlikes 'n rol speel. Ons en alles wat ons maak, is en word gemerk deur tyd.

Dit gaan vir my hier egter nie net om die representasies van tyd in tekste nie, maar eerder om tyd as historisiteit, dit wat Ricoeur (2004:35) (in navolging van Heidegger) die "gewig" van die verlede noem. 'n Skrywer soos Van Wyk Louw het 'n beduidende nalatenskap wat betref sy kreatiewe én beskouende werk, en die reaksies op sy werk is ook belangrik. Die argument in hierdie artikel is gerig op hoe dit wat geskryf is, weerspieëlings en representasies van opvattinge in tyd is. Dit gaan dus daarom dat teoretiese en kritiese reaksies beskou word as deel van 'n proses in tyd waarin tekste hanteer word as die "gewig" van die verlede, maar wat dan ook self op 'n beduidende manier die "gewig" van die verlede word vir latere lesers en ondersoekers.

Die onderliggende vraag gaan oor die vermoë tot duursaamheid van dit wat tot stand gekom het. Ricoeur (2004) gee voor in sy boek *Mémoire, l'histoire, l'oubli* (*Herinnering, geskiedenis en vergeet*) 'n aanhaling van die filosoof Vladimir Jankélévitch as een van die motto's. Dit lui so:

Hy wat was, kan van dan af nooit weer nie gewees het nie: gevolglik is die misterieuse en verreikende verborgenheid van sy bestaan sy viaticum vir ewig. (My vertaling)

Die woord *viaticum* beteken iets soos "proviand", "voorsorg", "padkos": metafories gesproke sou 'n mens dit kon lees as toerusting vir die res van die reis.

Die mens dra dus onvermydelik sy eie bestaan as sy bagasie en bron van voedingskrag saam, maar hierby kan gevoeg word dat mense se bestaan ook die bagasie en voedingsbron word vir diegene wat ná hulle kom. Veral binne 'n bepaalde kultuur is die verhouding met die verlede bepalend vir die hede en die toekoms, ook in die sin dat wat nalatenskap word, bagasie, toerusting, proviand, padkos en voorsorg kan wees. Die inhoud van die nalatenskap bring 'n verantwoordelikheid mee en hoe die verantwoordelikheid hanteer word, het ook etiese implikasies.

Watter nalatenskap, in die sin van stof tot nadenke, maar ook van toerusting, gee 'n skrywer soos Van Wyk Louw vir diegene wat na hom kom? En hoe kan en moet daar met hierdie nalatenskap omgegaan word?

Daar is 'n groot verskeidenheid antwoorde op hierdie vraag, telkens verskillend na gelang van die aspek van Louw en sy werk waarop gefokus word. Ek gaan slegs kortliks in op die manier waarop Louw se werk ontvang is deur enersyds die tydgenootlike lesers van sy bundels en ook in latere lesings en herlesings. Daaruit wil ek dan sekere gevolgtrekkings maak oor die duursame aard van veral sy digterlike oeuvre.

3. 'n Oorsig oor die aanvanklike resepsies van die digbundels van Van Wyk Louw

Om 'n idee te kan vorm van die aanvanklike resepsie en latere beoordeling van Van Wyk Louw se poësie, het ek 'n groot hoeveelheid materiaal deurgewerk. Die omvang van die materiaal is sodanig dat daar streng gekies moes word ter wille van die argument wat in die artikel gevoer word. Die navorsingsmateriaal sluit die volgende in: soveel moontlik van die aanvanklike resensies van Louw se digbundels vanaf 1935 – alles wat NALN kon verskaf,

asook vroeë besprekings in koerante en tydskrifte wat binne 'n paar jaar vanaf die eerste verskyning van 'n bundel geskryf is. Verder het ek dit wat oor Louw geskryf is en wat in databasisse opgeneem is, nagegaan, insluitend rigtinggewende of rigtingaanduidende groter studies oor sy werk. Dit was nodig om 'n idee te kry van die nawerking van die figuur en sy werk.

Nogtans gaan dit nie vir my om die resensies of artikels as sodanig nie, maar om wat mens daaruit kan aflei aangaande die verhouding tussen wat geskryf is en hoe daar gelees word. Mense lees gewoon verskillend omdat hulle op verskillende tye in die geskiedenis leef en daarom verskillend dink en verstaan, gewoon verskillend is. Lees en verstaan, asook interpreteer en evalueer, is op bepaalde momente in die geskiedenis vir gewone mense en akademië onderhewig aan 'n (soms wel onderliggende of onbewuste) wetenskapsbeskouing wat in spesifieke literêre teorieë of lewensbeskouings of selfs ideologiese standpunte tot uitdrukking kom. Dit is ten diepste 'n epistemologiese kwessie, maar soos wat ek hoop om later aan te toon, 'n kwessie waarmee mens wel vrugbaar kan omgaan. Die feit is dat daar kernwoorde, -begrippe en -argumente in sulke resensies en besprekings voorkom wat aandui watter literatuurbeskouing 'n kritikus of leser, bewustelik of onbewustelik, gebruik. 'n Ingeligte leser van teoretiese en kritiese geskryfte kan dus aflei watter maatstawwe aangelê is om uitsprake en interpretasies te maak ten opsigte van literêre tekste (vgl. die argumentasie in die inleidingshoofstuk van Callus, Corby en Lauri-Lucente 2013).³

Die eerste drie digbundels van Louw, *Alleenspraak* (1981 [1935]), *Die halwe kring* (1981 [1936]) en *Gestalten en diere* (1981 [1942]) is baie positief ontvang. Tussen die aanvanklike resensies wat verskyn net na *Alleenspraak* in 1935, is daar sterk ooreenkomste. Die kritici wat resensies en besprekings geskryf het, sluit in S. Ignatius Mocke, D.F. Malherbe, F.E.J. Malherbe, Gerrit Dekker, C.M. van den Heever en W.E.G. Louw.⁴ Hierdie kritici verwys almal na tema en tegniek, na die inhoud en die aard van die gedigte, maar belangriker vir my argument hier is die opmerkings wat hulle literatuurbeskouing verraai. Almal lê sterk klem op invloede. Die digters wat dan 'n invloed op Van Wyk Louw sou hê, sluit in die Nederlanders Geerten Gossaert, J.H. Leopold en die Tagtigers, maar ook William Blake uit die Engelse literatuur. Die meeste resensente doen baie moeite om Louw binne die Suid-Afrikaanse en Wes-Europese literatuurgeskiedenis en kultuurgeskiedenis te plaas deur enersyds na die voorgangers en verlede te verwys, maar ook die vernuwings in Louw se werk aan te toon. Louw word reeds beskou as 'n modernis en daar word baie aandag aan sy lewens- en wêreldbeskouing gegee.

Hierdie soort besprekings val duidelik binne die literatuurbeskouing van die 19de eeu, naamlik die positivistiese en *geistesgeschiedtliche* benadering (vgl. Welck en Warren 1962 [1949]:111–20; Viljoen en Van der Merwe 1998:21, 90–3) wat tot in die vroeë 20ste eeu deurgewerk het. Die teks is 'n dokument van die skrywer se psige en geestesgesteldheid en van die invloede wat in sy werk raakgelees kan word. Dit gaan dus om "gegewens" en bykans "empiriese feite" wat uit die gedigte ontfutsel kan word.

Wat ook interessant is, is dat D.F. Malherbe (1936) wel waardering getoon het vir die eerste afdeling in *Alleenspraak*, maar van die ander twee afdelings sê hy: "Hier is ook verse [...] wat agterweë moes gebly het, liever as om te pryk op so kosbare papier." En die anonieme resensent van "Ons eie boek" (Anon. s.j.) sluit sy resensie van *Alleenspraak* af met die woorde: "Maar sou u nie daarom hierdie bundeltjie wil aankoop en dit hoog waardeer nie?" wat iets van die gemoedelike aanvaarding dat literatuur allemansbesit is, weerspieël. Dit is natuurlik ook bekend dat resensies in hierdie stadium van die geskiedenis verskyn het in tydskrifte soos *Die Huisgenoot* en *Die Brandwag* en daar is selfs twee bladsy lange

besprekings in *Die Huisvrou* gepubliseer. Daar was dus geen kloof tussen gewone lesers en ernstige literatuur nie.

In die resensies van *Die halwe kring* (1936)⁵ word dieselfde tendense grootliks voortgesit. Daar is duideliker klem op die modernistiese trekke in die bundel en ook baie klem op die duidelike eie stem wat Louw se werk vertoon. Daar word nou ook meer invloede nagespeur en aangedui. Die name van die Duitse digters Stefan George, Hölderlin en Rilke word genoem, maar ook Nietzsche. Waar daar juis waardering was vir die wyer blik wat die tematiek betref in *Alleenspraak*, kom die sosiopolitieke dimensie in *Die halwe kring* sterk na vore, wel op 'n ander manier en veel meer gesofistikeerd as in die gesprekke oor die werk van die vroeëre Afrikaanse digters soos Celliers, Totius en Leipoldt. Wat ook opvallend is, is dat die rol van die leser in sommige resensies eksplisiet genoem word, wat as 'n tipiese modernistiese eienskap van tekste asook van die literêre kritiek beskou kan word.

Die resensente van *Gestaltes en diere* (1942)⁶ noem verskeie van hierdie sake nog meer eksplisiet, onder meer die modernistiese kompleksiteit, die intellektualisme, die digterskap as sodanig, maar ook die sosiopolitieke dimensie van die gedigte en die rol van die leser as 'n kreatiewe ontsluiting van die gedigte. Dit is duidelik dat die diskoers om Van Wyk Louw al hoe sterker gedaante begin aanneem en dat die kritici binne 'n bepaalde raamwerk bly lees en beoordeel. Dit beteken hulle gee steeds baie aandag aan die literatuurgeskiedenis in Afrikaans, maar daar word ook aandag gegee aan die plek van die bundel binne die geestesgeskiedenis van die wyer kulturele raamwerke van verwante tale soos Engels, Nederlands en Duits, hoewel daar deurlopend ook oor tematiek en tegniek kommentaar gelewer word.

Hierdie drie bundels vestig Louw se digterskap en bevat baie van die gedigte waarvoor hy bekend geword het, soos "Grense" met die bekende aanvangsreëls:

"My naakte siel wil sonder skrome/ in alle eenvoud tot jou gaan"; "My venster is 'n blanke vlak"; "Nog in my laaste woorde"; die "Abelard"-gedig waarmee Cussons later in gesprek sou tree; en "Vier gebede by jaargetye in die Boland". Afgesien van die inhoud, bevat die resensies en besprekings van hierdie bundels opmerkings wat die literatuurbeskouing van die skrywers daarvan verrai:

- die herhaaldelike aantoon van invloede van Europese digters en strominge
- die plasing binne die Suid-Afrikaanse, maar ook Wes-Europese, literatuurgeskiedenis en kultuurgeskiedenis deur enersyds na die voorgangers en verlede te verwys, maar ook die vernuwing in Louw se werk aan te toon⁷ – Louw word reeds 'n modernis genoem
- die sterk klem op Louw se lewens- en wêreldbeskouing
- verwysings na die sosiopolitieke dimensie van die gedigte wat meer toekomstgerig is as by die digterlike voorgangers.

Die digter se werk word dus op 'n positivistiese en *geistesgeschichtliche* wyse beskou as 'n dokument van die skrywer se psige en geestesgesteldheid en van die historiese periode waarbinne hy skryf en leef.

In die resensies en ander besprekings van elke daaropvolgende bundel sien mens hoe die profiel van Van Wyk Louw se digterskap skerper word namate meer eksplisiete opmerkings oor die modernistiese kompleksiteit en intellektualisme in sy werk gemaak word. Interessant genoeg dat die rol van die leser, een van die aanduidings van 'n modernistiese poëtika,

asook van die modernistiese leeswyse wat reeds vir die eerste keer uitdruklik in resensies van *Die halwe kring* genoem word, in besprekings van elke volgende bundel sterker beklemtoon word. Mens kan sien hoe daar 'n diskoers om Louw as digter gedaante begin aanneem en dat 'n oeuvergeskiedenis begin ontwikkel, wat daarop dui dat sy werk uitstaan, dat dit spontaan beskou word as belangrik op grond van kwaliteit en inhoud.

Ek beperk die bespreking hier tot die ontwikkeling in die kritiek oor die digbundels en daarna word daar aandag gegee aan *Raka*. Die versdramas (*Die dieper reg*, 1938, en *Dias*, 1952) val effens buite my betoog, soos ook die beskouende prosa, maar ek sal wel sydelings daarna verwys.

Nuwe verse verskyn in 1954, 12 jaar na *Gestaltes en diere*, en die bundel is die eerste wat met gemengde reaksies begroet word.⁸ Dit is dadelik opvallend in hierdie resensies dat Van Wyk Louw se status as digter sodanig gevestig is dat die bundel bykans deurgaans bespreek word as deel van sy oeuvre: dit gaan dus nou ook om 'n oeuvre-geskiedenis. Die vernuwing word beskryf en beoordeel en ook gemeet aan Louw se eie vroeër werk. Daar word, soos trouens tot vandag steeds gebeur, vanselfsprekend aandag gegee aan tematiek en tegniek, maar die klem val op die vernuwende aspekte in die bundel, veral die groter eenvoud en lugtigheid, die bedrieglike soort speelsheid wat 'n onderliggende erns verberg. Daar word ook duidelik melding gemaak van Louw se poëtikale opvattinge en dat hy verse skryf oor die poësie self, oor die maak van poësie asook oor die aard van die poësie.

Wat egter vir hierdie betoog belangrik is, is dat daar nou meer geskryf word oor die teoretiese aspekte van die poësie en dat dit toenemend geskied aan die hand van noukeurige ontledings van spesifieke gedigte. Baie van die besprekings gaan oor struktuur, oor die metafoer en sieninge van die metafoer en ander poëtiese aspekte, ook oor die aard van die poësie as sodanig. Daar word meer vergelykend gewerk en die gevolgtrekkings sluit dan 'n tipering van Louw se werk en werkwyse binne 'n wyer literatuurwetenskaplike gesprek in. Terugskouend is dit duidelik dat die manier van lees aansluit by die "close reading" oftewel stiplees van die Anglo-Amerikaanse New Criticism en Practical Criticism (vgl. Wellek en Warren 1962 [1942]:139 e.v.), wat trouens die teoretiese benadering is wat in tyd en inhoud saamval met die modernisme as historiese literêre stroming. Nou is die teks 'n monument wat met groot respek behandel moet word.

'n Ander waarneming by so 'n herlees van ouer resensies is dat die verandering in benadering korreleer met die veranderinge en ontwikkelinge in die poësie self. Louw is trouens een van daardie soort digters wat homself met elke bundel vernuwe het en sy toenemende tegniese vaardigheid en verfyning dwing die mense wat oor sy werk skryf tot fyner formulering en deegliker lees, ook tot noukeuriger verantwoording van standpunte met uitvoerige toeligting uit die gedigte self. Die verandering in die hele literêre klimaat en aanpak in die literatuurstudie manifesteer ook in die toenemende klem op die rol en spesifiek die vryheid van die leser om self kreatief te lees en te interpreteer.

Soos vroeër genoem, was die kritici nie almal eenstemmig oor *Nuwe verse* nie – veral die afdeling "Klipwerk" was vir sommige lesers heeltemal vreemd en waarskynlik te aards, soos uit die resensies blyk. Audrey Blignault (1954:9) verwys spesifiek daarna dat veral "Klipwerk" as afdeling "tot dusver net ongunstige kritiek uitgelok" het. Trouens, S. Ignatius Mocke (1955) begin sy bespreking van *Nuwe verse* soos volg: "Daar is altyd iets pateties, iets neerdrukkends ook, in 'n letterkundige rigting wat homself uitgewoed het." Hy noem Louw se werk "reaksiepoësie" wat in sy felheid "grootheid [...] benader", maar dan te individualisties en te polemies raak en uitloop op "verstandelike verdorrings". Hy sien nie net in Louw se werk

nie, maar in al die “jongere liriek” en in die kritiek “’n sterk en teleurstellende insinking”. Daar is egter wel ook baie positiewe reaksies op die bundel wat juis die poging tot afstroping en direkte segging raaksien en waardeer (vgl. Antonissen 1954; Lindenberg 1954; Blignault 1954; Grové 1954).

Die positiewe reaksies op Van Wyk Louw se werk neem toe met die verskyning van Louw se *magnum opus*, naamlik *Tristia* (1962). Inderdaad, soos Louw (1958:58–76) self betoog het in sy opstel “Altyd moeiliker poësie”, is hierdie gedigte moeiliker, maar ook oneindig boeiend vir die leser wat daarmee moeite doen. Die besprekings van *Tristia* is oor die algemeen veel langer as vroeëre resensies en ook meer gespesialiseerd.⁹ Dit gaan ook veel meer oor die aard van poësie. Taal en die woord self kom in die meeste gevalle in die sentrum van die bespreking te staan, juis ook vanweë die feit dat Louw in die gedigte die taal op elke moontlike manier ontgin en vernuwe en verryk. Hierdie verse illustreer die Russiese formalis Roman Jakobson se omskrywing van poësie as “georganiseerde geweld gepleeg op gewone taal” (vgl. Erlich 1955:189). Literêr-histories beskou is *Tristia* ’n esoteriese modernistiese bundel, en literêr-teoreties beskou toon die reaksies van literatore daarop ’n bewussyn van die fyn oog waarmee gelees moet word. Almal lees steeds noukeuriger en fokus steeds meer op die enkelgedig as gedig soos wat die intrinsieke literatuurbenaderings¹⁰ dit vereis: die gedig is ’n monument wat beskryf en ontleed moet word. Lindenberg (1963:9–11) praat van die “spel-element” in die bundel en verwys na gedurfd spronge en woordspelings asook die “volmaakte een-wees van beeld, versbeweging en klank”. Grové (1996) verwys in sy bespreking na die kunsteoretiese gedigte en beklemtoon die taalontginning in die gedigte waarna hy verwys as “hierdie uitpers van betekenis uit die taal” waarin “een van die belangrikste groeipunte in die bundel” te vinde is.

Die ironiese en selfrelativerende toonaard van Louw se verse word deurgaans genoem en ook die prosesmatige aard van die poëtiese aktiwiteit. Lesers besef en gee rekenskap daarvan dat Louw op ’n gesofistikeerde en gekompliseerde manier taal en idee tot so ’n mate integreer dat betekenis en digproses volledig versmelt.

Hoewel hierdie bundel as ’n hoogtepunt van modernistiese en intellektuele poëtiese verfyndheid beskou kan word, vind mens ook reeds postmodernistiese eienskappe in die gedigte. Die tekenteorieë in die linguistiek en literatuurwetenskap vind hulle korrelaat in die gedigte, in Louw se poëtika en ook in die manier waarop Louw se werk gelees word. Die woord is ’n teken, maar die gedig is ook ’n teken wat verskillende betekenis kan ontlok en hierdie veranderde siening van betekenis lei tot ander lesings en ’n ander soort gesprek oor die poësie in die algemeen en oor Louw se verse in die besonder. Hierdie ontwikkeling sluit aan by die ontwikkeling van die taalgesentreerde literatuurteorieë, naamlik die strukturalisme en die semiotiek, wat in tallose bronne uitvoerig behandel word.

’n Sterk vernuwende aspek van die gedigte in *Tristia* is die verband met ander tekste en die poëtiese herverwerking van bronnemateriaal. Navorsers wys hierdie werkwyse deurlopend uit. So skryf A.P. Grové (1974) byvoorbeeld verskeie artikels oor die sogenaamde “dokument agter die gedig”. Terugskouend is hierdie poëtiese werkwyse van Louw en die kritici en navorsers se hantering daarvan ’n oefening in intertekstualiteit, aanvanklik ’n ondersoek na spesifieke verhoudinge tussen bestaande tekste, maar later in groter studies word dié verskynsel al hoe wyer uitgebou.¹¹

Die relativerende aspekte van Louw se laat gedigte, die sterk ironiserende toonaard en die ondermyning van die self en by implikasie van selfs sy eie vroeë idealistiese opvattinge kan

ook gesien word as 'n vooruitwysing na die relativistiese en poststrukuralistiese literatuurbeskouings wat in die loop van die 1960's en 1970's sou ontwikkel. Wat gesê word van dekonstruksie, naamlik dat in dekonstruksie die literêre teorie die naaste ooit gekom het aan die poësie self, dat die teorie en filosofie die tegnieke en alternatiewe werkwyse van die kuns oorneem en in die teksbespreking op die tekste terugprojekteer (De Man 1979:5),¹² is meer as van toepassing op Louw se gedigte in *Tristia*.

4. Studies / akademiese besprekings van Van Wyk Louw se werk

Afgesien van die aanvanklike resensies oor Louw se werk, bestaan daar egter ook 'n groot aantal akademiese studies oor sy oeuvre waarin dieselfde ontwikkelingsgang, sowel inhoudelik as teoreties, as in die gedigte en in die resensies voorkom.

Die digter se werk word in die opeenvolgende periodes volgens heersende en soms gelyklopende literatuurbeskouings gelees, verstaan en beoordeel. D.J. Opperman (1953) se groot werk oor die Dertigers, *Digters van Dertig*, bly eintlik sterk binne die positivistiese benadering en gee hoofsaaklik aandag aan invloede van binne en buite en die plasing van die digters binne die literatuurgeskiedenis. Vanaf ongeveer 1955 tot in die 1960's word daar sterk gefokus op noukeurige ontledings van enkelgedigte en groepe gedigte wat eienskappe aantoon of temas breër uitwerk.¹³ Gedigte word dus gelees met die oog op die unieke, eiesoortige en immanente poëtiese aard daarvan; die ontleding van die poësie is 'n gespesialiseerde, veeleisende taak en daarvoor word baie leeswerk, agtergrondstudie en bestudering van die eienskappe van die literatuur en van die poësie gebruik. Die meeste van die artikels en essays is suiwer oefeninge in intrinsieke literatuurstudie in die praktyk volgens die uitgangspunte en beginsels van die New Criticism (soos by Brooks, Thibault en Warren 1975 [1936]; die *deutsche werkimmanente Methode* (Kayser 1971) en die stilistiek op linguïstiese grondslag (Hellinga en Scholtz 1955; Lindes 1955).

In die 1970's en 1980's verander die toneel wel effens, maar nog nie radikaal nie. Daar word met 'n al hoe wyer blik gelees in die soek na verbande met agterliggende tekste,¹⁴ maar toenemend is die gesprekke ook wydlopende besprekings en akademiese artikels waarin die gedig deel word van 'n wyer diskoers en 'n verkenning wat sowel op die teorie as op die tekste gerig is. Gedigte word saamgelees met ander kunswerke en die gesprek met ouer werk en ander tradisies word ondersoek, gedigte word volgens tema saamgegroepeer met werk van ander skrywers en essayisties of polemies ondersoek. Die strukuralistiese benaderings met hulle sterk klem op taal vind goed aansluiting by Louw se werk en vanselfsprekend ook die semiotiek met sy fokus op tekens en tekensisteme (vgl. Viljoen 1986).¹⁵

As Louw skryf: "Die klou dui al die dier aan, is gesê -/ maar ís nog nie die leeu", is hy self inderdaad besig met die werking van die teken: die klou wat 'n deel van die dier aandui, roep die dier self op, maar is nie die dier nie. Maar die digter is tegelykertyd besig met hoe hy skryf en wat hy skryf, met die implikasies van taal as taal en van taal as betekenis. Vir hom gaan dit ook oor die beperking van wat hy sou kon skryf:

Wat ek van mense of van God wil meen,
word in my dofheid dof.

Iets staan in sterre-en-helderte geskryf;
en ek skryf ná in stof. (Louw 1981:233)

Hierdie tendens, dié van lesings volgens heersende literêre teorieë, duur voort tot op hede, soos in die volgende paragraaf aangetoon sal word (vgl. Van Rensburg 2000).

5. Ideologiese kritiese lesings van Van Wyk Louw se werk

In die 1980's begin die poststrukuralistiese teorieë sterk na vore tree en onvermydelik word Louw se werk ook daaraan onderwerp. Dat sy oevre wel krities gelees kan word, dat sy werk gesprek bly ontlok, dat die gedigte en beskouende prosa hierdie kritiese lesings kan dra en oorleef, is egter vir my argument die belangrike feit. Dekonstruktiewe teorieë, hetsy tekstueel of kontekstueel gerig, bevraagteken nie net die basis van betekenisvorming nie, maar verskuif ook die klem na die onmiddellike leesaksie en die leser, dit wil sê na die diskoers waarvan die leser nou en hier deel wil wees. Al lees hierdie lesers dus ondermynend en vanuit 'n estetika van agterdog, wil hulle steeds met Louw in gesprek tree.

Hiervan het mens reeds 'n voorsmakie gekry in die debatte oor *Raka*. Aanvanklik, net na die verskyning daarvan in 1942, is *Raka* bestempel as 'n indrukwekkende prestasie van die digter en van die taal.¹⁶ *Raka* is dan ook ywerig bespreek. Die meeste vroeë besprekings (Bisschoff 1968; Dekker 1941; Louw 1941; Mulder 1945) beklemtoon baie sterk dat die interpretasie van die epos nie eenlynig gesien of vasgepen kan word nie. Wie en wat *Raka* is, is nie maklik aan te toon nie en daar word baie potensiële betekenis aan die figuur geheg: hy is die bese, die bedreiging, die Ander een, die buitestander; hy is die vrees self, die nadenkende een; *Raka* is die fisiese krag, die onnadenkende lyflikheid, die een met geloof in die konkrete en aardse wat sy instinkte uitleef. Koki is die held, die tragiese held, die denkende een, die intellektueel; hy is verfynd in sy denke; hy is bewus van die etiese implikasies van sy optrede; hy dra verantwoordelikheid vir die gemeenskap; hy besin; hy is bereid om homself op te offer; maar hy gaan ook onder. Waar die vroeë lesers en interpreteerders die klem op die lang lys potensiële abstrakte teenoormekaarstellings in die epos lê, word *Raka* later die teks waaruit onder meer die Afrikaner-ideologie afgelees word en dié lesing word gebruik om die ideologie as sodanig te kritiseer.

In sy boek *The adversary within* skryf Jack Cope reeds in 1982 oor verskillende moontlike betekenis van die *Raka*-figuur, maar hy gee voorkeur aan sy interpretasie wat 'n verband sien tussen die temas van heldedom en oorlewing in *Raka* en wat hy noem Van Wyk Louw se ontnugtering met die nasionaal-sosialisme. Trouens, Cope (1982:63) skryf: "Louw's awakening from the nightmare period of fevered nationalism seems to have found him with acute feelings of disillusion and guilt, some of which found expression in *Raka*. The poem is a seeking for release."

Raka se eienskappe, sy krag, sy oerskoonheid, sy skaamteloosheid en boosheid vergestalt nie die oerkrage net in die self nie, maar ook in die groep. Koki, die digterheld, word vertrap en verdolg. Maar, skryf Cope (1982:63) verder: "He (Louw) places the survival of the group first – he remains a Nationalist." Volgens Cope is nasionalisme dus boos soos *Raka*, maar moet aanvaar word, omdat dit nodig is vir die groep se voortbestaan (Cope 1982:62). Hierdie interpretasie ontlok natuurlik veel debat, maar as sodanig is ook dit opgeteken.

Hierdie alternatiewe lesing van *Raka* is 'n voorloper van die al hoe meer inborende en kritiese lees van Louw se tekste in die 1980's. Cope se politieke lesings van Van Wyk Louw se gedigte (veral die interpretasies van "Gedagtes, liederen en gebede van 'n soldaat", "Die swart luiherd" en "Drie diere" – Cope 1982:45–54) en van *Raka* uit 1982 lyk nou by herlees eintlik ongesofistikeerd en selfs simplisties (dit sou selfs as patriargaal en paternalisties

beskou kon word, want daar is 'n meerderwaardige toon in die hele boek), te meer omdat Cope nie sy eie ideologiese posisie in sy interpretasies verreken nie. Latere ideologiese ontledings van Louw se werk is egter meer "self"-bewus en die ontleders verreken ook hulle eie ideologiese stellingname terwyl hulle Louw se ideologie agter die tekste "ontmasker" en "ondermyn" (vgl. onder meer Coetzee 1988).

In Gerrit Olivier (1992) se gepubliseerde proefskrif, *N.P. van Wyk Louw: Literatuur, filosofie, politiek*, sien hy 'n leemte in die gebrek aan kritiese ontleding van Van Wyk Louw se denke en rig hy sy studie op die ideologiese breuke in Louw se beskouende prosa:

Ek probeer sy uitgangspunte konfronteer met die situasie waarbinne hy sy voorstelle maak, en met ander moontlike benaderings wat tot sy beskikking gestaan het of intussen aan die hand gedoen is – en aanvaar dat sulke kritiek soms deur die lesers as onbillik aangevoel mag word. (Olivier 1992:9)

Die grondslae van Louw se denke word dus vanuit 'n agternaperspektief beoordeel, maar Olivier noem ook eksplisiet die probleem wat bekend staan as die paradoks van Mannheim: "Wat is die epistemologiese status van 'n diskoers oor ideologie as alle diskoers ideologies is?" (Olivier 1992:10–5). Hoewel Olivier sy posisie in navolging van Ricoeur noukeurig beredeneer, ontkom hy uiteraard nie aan die beperkinge van die blik wat uitsluitend ideologies gerig word en die historiese moment waarop hierdie blik kyk, lees en interpreteer nie. Dieselfde geld vir die ontmaskering van Louw se ideologiese vertrekpunte in Luc Renders se 2002-lesing van die versdramas (Renders 2006) en Karin Cattell se proefskrif van 2008.

Cattell (2008:6) se doelstelling met haar studie is om die samehang tussen Louw se politieke, filosofiese en sosiale beskouings te ondersoek en die raakpunte met die filosofie, sosiologie en geskiedenis vanuit 'n kontemporêre posisie aan te toon. Sy (Cattell 2008:7) verduidelik soos volg:

Postmoderne diskoerse word nie alleen deur 'n poging tot die integrasie van soms uiteenlopende denkbeelde gekenmerk nie [...] maar ook deur die dekonstruksie en ontmaskering van daardie beskouings. In ooreenstemming met die teenstellende (maar aanvullende) samestelling van die kontemporêre denke neem hierdie studie 'n polêre struktuur aan, gebaseer op die dinamiese spanning en wisselwerking tussen die dekonstruktiewe en die integrerende.

Cattell (2008:14) verklaar ook haar eie ideologiese belastheid:

'n Studie met 'n ideologiekritiese en utopiese invalshoek kan nie ontkom aan eie diskursiewe voorafbepaaldheid nie. Die "kritiek op kritiek" in hierdie werk geskied met die bewustheid dat kommentaar op ideologiese veronderstellings noodwendig die partydigheid van eie denke weerspieël en dus slegs gedeeltelik kan wees. Hierdie begrensing sluit ook die besef in dat – afgesien van die magskonnotasies wat interpretasie en die lewering van kritiek inhou – die benoeming van standpunte van 'n ander as "ideologies", "utopies", magsverwant, en so meer, 'n eie aanspraak op mag inhou.

Wat egter nie vergeet moet word nie, is dat sulke lesings en interpretasies die geheelbeeld van sieninge oor Louw se werk verbreed. Dit gee vanselfsprekend ook tot verdere fyn genuanseerde gesprek aanleiding (vgl. Pakendorff 1990).

Die gevolgtrekking waartoe mens kom as jy nagaan wat oor Van Wyk Louw se oeuvre geskryf is, is dat hierdie skrywer se nalatenskap steeds op volgehoue wyse onder bespreking kom, hetsy in akademiese werk of in koerantartikels. Latere versamelings van Louw se werk¹⁷ is steeds veelvuldig geresenseer en daar verskyn gereeld nog proefskrifte en verhandelinge oor sy werk en sy standpunte. Tussen 2000 en 2005 het daar in Suid-Afrikaanse akademiese tydskrifte 151 publikasies verskyn wat gedeeltelik of in geheel aan Louw gewy is en tussen 2006 en 2013 281, uiteraard met 'n sterk konsentrasie rondom 2006, wat die honderdjarige herdenking van sy geboortejaar was.¹⁸

6. Nalatenskap en tyd

Ek wou aantoon dat Van Wyk Louw in die Suid-Afrikaanse, en meer spesifiek in die Afrikaanse, literêre en kulturele diskoers vanaf 1935 tot nou toe 'n faktor bly. Die nawerking van sy invloed bly sterk aanwesig. Of Louw se werk gewoon aan skoolleerlinge en studente onderrig word, of hy opnuut gelees en herontdek word, of sy werk deel word van wetenskaplike historiografiese ondersoeke en ordeninge, of sy gedigte en dramas aan nuwe teoretiese leesstrategieë onderwerp word, of sy standpunte kultuurkrities gedekonstrueer en gekritiseer word, of sy poëtika ontleed, nagevolg of juis verwerp word, hy figureer steeds binne die diskoers.¹⁹ Hy is deel van die nalatenskap, die padkos, die toerusting; hy is 'n pool waarteen of in terme waarvan gereageer word, 'n maatstaf wat gevolg, verwerp of herontdek word.

Die vraag oor hoe 'n mens met so 'n nalatenskap omgaan, huiwer egter die hele tyd om die gegewe wat in hierdie artikel hanteer is. Herinnering en geheue is komplekse sake waarin waardeoordele en etiese kwessies 'n rol speel. Interaksie met die verlede het onvermydelik 'n invloed op die hede en die toekoms en daarom sluit dit aan by die problematiek van tydsbelewenis wat aan die begin van hierdie artikel genoem is. Na analogie van die uitgangspunte wat Ricoeur (2004) ontwikkel, word vervolgens enkele aspekte van “in gedagtenis hou” verken.

Die Grieke het onderskei tussen twee soorte herinnering, *mnēmē* en *anamnēsis*. Die eerste het met spontane geheue te make, die onwillekeurige onthou van iets wat gewoonlik ook gepaardgaan met 'n emosionele lading, hetsy goed of sleg. Die tweede, *anamnēsis*, dui op die doelbewuste herbesoek aan inhoude van die geheue, 'n soeke na herinnering, iets soos in herinnering hou of herroep (Ricoeur 2004:132).

Spontane geheue kan nie beheer word nie – dit ontstaan gewoon in die loop van 'n lewe met al die psigologiese en kognitiewe aspekte wat daarin 'n rol speel. Die doelbewuste oproep, herroep en bewaar van die verlede deur die hantering en optekening van herinneringe verskil egter hiervan. Herinnering is die skakel tussen lewe en geskiedenis, aangesien alle optekening van geskiedenis basies vertrek van en berus op 'n aanvanklike optekening of representasie van herinneringe, van iemand se belewenis. Optekening gee dus materiële en konkrete bestaan aan abstrakte dinge, maar meer nog, latere hantering van optekeninge bevestig bepaalde oordele en interpretasies van die herroepde verlede. Hierdie voortgaande proses skep beelde en waardebepalinge wat in die hede weer beoordeel word en opnuut beelde skep wat die toekoms beïnvloed (Ricoeur 2004:132–4).

'n Belangrike vraag is of mens die herinnering van die verlede, die instandhouding van die verlede, kan eis. Kan jy vanuit die hede sê: “Dit en dit moet onthou word en dit moet ook presies sus of só onthou word”? Ons kan nooit weer op 'n naïewe ongekompliseerde wyse

na die werklikheid en representasies van die werklikheid kyk ná die epistemologiese bevraagtekening wat die grootste gedeelte van die 20ste eeu in alle wetenskappe gekenmerk het nie. Wat waar of reg of goed of waardevol is, word bevraagtekenbaar die oomblik dat daar vanuit 'n ander perspektief na die waarheid gekyk word. Wie besluit nou wat presies dit is wat onthou moet word of hoe? Wie kan verantwoordelikheid aanvaar vir die manier waarop die verlede in die toekoms onthou gaan word?

Ricoeur noem sy boek oor herinnering “'n pleidooi vir herinnering as die baarmoeder van die geskiedenis” (Ricoeur 2004:95), maar hy waarsku tog dat herinnering nie geëis of opgeëis kan word nie (vgl. ook Bienenstock 2010:332–47). Die radikale of selektiewe herskrywing van die geskiedenis het inderdaad in die 20ste eeu 'n vorm van politieke manipulasie geword; die rekonstruksie van die verlede skep vir mense 'n bepaalde siening van die verlede, veral een wat die owerhede op 'n bepaalde tydstip in die geskiedenis pas, en dit word dan teruggeprojekteer om sodoende nuwe opvattinge vir die toekoms te laat ontstaan (Todorov 1999). Ricoeur lê egter die klem op die voortgaande aktiwiteit wat met herinnering gepaard gaan. Hy stel voor dat mens praat van “herinneringswerk”: om in herinnering te roep of in gedagtenis te hou, is dus 'n voortgaande proses, 'n aktiwiteit wat steeds opnuut beoefen moet word (Ricoeur 2004:95).

Toegepas op die literatuur is die twee vorme van onthou waartussen die Grieke onderskei het, albei in die konteks van hierdie artikel relevant: as mense gedigte lees, as hulle geleer word van die werk van bepaalde digters, sal daardie gedigte onvermydelik deel van hulle spontane herinneringe wees. Maar die navorsers en studente en dosente en meer toegewyde lesers is ook noodsaaklike werkers op die herinneringsterrein wat nie net die literêre tekste self onthou nie, maar ook nuwe herinneringe in die proses skep deur die uiteenlopende en steeds vernuwende interpretasies wat hulle van die tekste maak.

Eintlik behoort 'n mens doelbewus met tyd in interaksie te tree (Matz 2011:275), omdat gebrek aan besinning oor die verlede, hede en toekoms die menslike lewe verskraal en aan vergrype blootstel. Afgesien van die inhoud van tekste, kan die lees van letterkunde ook 'n belangrike rol speel om ander maniere van tydsbelewenis te leer ken, te beoefen en selfs in te oefen. Daar word gepraat van “'n kuns van tyd” (Matz 2011:273 e.v.). Die lees van poësie is vir my by uitstek 'n aktiwiteit wat op 'n ander manier met tyd werk as die gewone gang van ons huidige lewenspatrone. Al is 'n gedig 'n kort teks, is die lees daarvan 'n langsaamere proses, 'n tydvertragende aktiwiteit. Dit bring mens tot stilstand; dit vereis besinning wat juis in die wegkeer en afskeiding van haas plaasvind. Die lees van poësie is inderdaad, in Van Wyk Louw (1981:4) se eie woorde, “'n laaste kuil van stilte tussen riet”.

7. Die duursaamheid van die letterkunde

Wat uit die voorgaande uiteensetting blyk, is dat al hierdie aktiwiteite van lees en bespreek, van bestudeer, ontleed en sintetiseer, van kritiseer en bewonder, afhanklik is en bly van die tekste self. Hoe noodsaaklik die herlees en bestudering van die literatuur ook al is, juis as deel van die herinneringswerk waarmee ons ons voogdyskap oor die nalatenskap van groot geeste uitoefen, bly die skryf oor die literatuur sekondêr tot die literatuur self.

Die lesings van tekste en verskillende benaderings gaan verby. Tien jaar gelede sou geen literator sy dagtaak sonder kennis en vertoon van poststruktureel-relatiewe, sonder 'n bewapening van agterdog, sinisme en ironie aangepak het nie. Nou het die werklikheid, die geskiedenis self, hierdie verabsoluteerde relatiewe, die volgehoue en elitistiese kritiese blik,

die ondermynende en spottende meerderwaardigheid van die postmodernisme agterhaal (Kirby 2006; Toth 2010:2; Heynders 2010:79–81).

Die klassieke voorbeeld is: Kan jy relativer of ironiseer as jy daardie twee toringgeboue in New York sien val het? Of: as jy die Ander volledig aanvaar, maar multikulturaliteit lei in vele lande tot konflik en gewelddadigheid, en dit begin om oorlewing gaan, moet jy jou afvra of jou pretensie van intense ondermyning en uitkansellering van die Self nuttig of selfs relevant bly. Is daar dan nie 'n ander, meer omvattende, benadering op grond van etiese beginsels nodig nie? Nuwe vrae oor geldigheid en waardes kom na vore uit die nivellering van waardesisteme, want skynbaar kan die mens nie heeltemal daarsonder bestaan nie. Tans word daar gepraat van die uitputting van die postmodernistiese filosofie en gewys op die leegheid daarvan, omdat dit in die populêre kultuur geabsorbeer en gelykgemaak is (Van Dijk en Vaessens 2011:10). Dit het nie meer effek nie. Die kragteloosheid en oneffektiwiteit van die postmodernistiese relativisering lei tot 'n behoefte aan 'n nuwe en vernuwende blik, soos soveel keer tevore al gebeur het. Daar word nou gepraat van 'n nuwe wending, nie meer talig nie, nie meer ideologies of magsondermynend nie, en ook nie meer narratief nie, maar "eudaimonies", 'n wending van die goeie gees. Nou word daar weer na die literatuur gekyk in terme van wat vir mense waardevol is en kan wees (Potkay in Pawelski en Moores 2013:xi–xiv). Die nuwe ideaal is om opnuut estetie en selfs est-etie na die literatuur te kyk. Dit is egter gewis net weer een benadering in 'n voortgaande proses.

In *The eudaimonic turn* koppel die skrywers, Pawelski en Moores (2013), die Griekse woord *daimon* (gees) met die voorvoegsel *eu-* ("goed") om die wending na 'n soeke na die voorwaardes vir menslike welsyn te beskryf. Dit is nie 'n terugkeer na iets nie, maar 'n inklusiewe benadering wat weer wil konsentreer op dit wat menslik waardevol is in die literatuur:

Such scholars are less concerned with the study of what can go wrong with human experience and more concerned with the study of what causes individuals to flourish and communities to thrive. These eudaimonic scholars are less interested in ideological pronouncements and entrenched positions and more interested in innovative approaches, interdisciplinary collaborations and empirical investigations. (Pawelski en Moores 2013:3)

Die rede vir hierdie wending word uitvoerig uiteengesit: dit is 'n korrektief en teëwig teen die oordrewe antihumanitêre idees wat die literatuurstudie die afgelope twee dekades gekenmerk het. Hierdie benadering het berus op 'n ekstremisering van die relativiteit van betekenis en sin in tekste, van die onmoontlikheid van waardes omdat sowel die leser as die geleesde onderhewig is aan inkongruensies wat ontmasker en ondermyn kan word. Die groot insig van die dekonstruksie, dat alle betekenis uitgestel en verplaas is, het nou die probleem geword. Die voer van 'n besonder gesofistikeerde en selfs kreatiewe betoog wat deurentyd sy eie beperkinge en aporias, die inherente gapings, tekortkominge en leemtes blootlê, het 'n sirkelende soort diskoers tot gevolg wat onmoontlik selfs net 'n momentele ruspunt in 'n oneindige vloei en verglyding kan bied. Dit word op die duur beangstigend. En sekerlik is dit waarom daar nou groepe literatore is wat uitroep dat die literatuur so gelees word dat daar weer waarde uit kan voortkom, dat lesers mag gaan soek na dit wat (al glo hulle dit net op 'n bepaalde moment in tyd) blywend kan wees. Daar moet weer gedink word dat die literatuur die waardes van 'n gemeenskap kan omvat en representeer en dat wat eties is in tekste en in leesprosesse aandag moet kry.

Pawelski en Moores (2013:7) aanvaar die voorbehoud dat woorde en betekenis onvas is en dus absolute definiëring ontwyk, maar beskryf nogtans die oogmerke van die eudaimoniese benadering soos volg:

In its most limited sense eudamonia can refer to those aspects of life that are directly constitutive of well-being. In a broader sense, it can be taken to mean those aspects of life that bear in some positive or negative way on well-being, aspects philosophers sometimes refer to as prudential values. In a still broader sense, it can refer to the domain of all human values dealing with the choice-worthy life [...].

Dié teoretiese benadering sluit vir hulle in “a number of closely related approaches that share some key perspectives” waarin ’n metafisiese oriëntering en die aanvaarding dat geestelike gesondheid net so relevant is soos geestelike patologie, baie sterk na vore kom. Die siening behels dus dat positiewe en goeie dinge ook as waardevol beskou word in die mens se bestaan en as tema in die kunste (Pawelski en Moores 2013:7). Hiermee word die negatiewe nie verban nie, want selfs die negatiewe kan ’n esteties waardevolle ervaring moontlik maak, maar die skopus van tematiek en van leesogmerke moet sowel die bose as die goeie insluit, representeer en bestudeer. Dit gaan dus om ’n inklusiewe benadering wat die inhoudelike betref, en ook wat die teoretiese benadering betref.

Die moontlikheid hiervoor is steeds in die teks opgesluit. Al kan ’n teks op verskillende maniere ontsluit word, al gaan uiteenlopende interpretasies en waardebevestigings neergeskryf, bevraagteken en ondermyn word in daaropvolgende geskrifte, en al gaan hierdie proses sigself in die toekoms op verskillende maniere herhaal, is dit of die gedigte self steeds ongeskonde bly, steeds opnuut voor lesers kan kom staan en lesings inspireer. Dit is selfs so dat hulle geskiedenis, hetsy positief of negatief, volgende leesprosesse verryk. Daar is iets in daardie ontwykende begrip, die *estetiese*, wat in taal, in die metafoor, in die beeld en struktuur van die gedig bestaan, wat duursamer is as al die interpretasies en studies wat gemaak word.

Wat onteenseglik steeds gebeur, is dat al die prosesse, lees, studie, ontleding en vergelyking, telkens opnuut die literêre teks self nie kan ontwyk nie en daarby begin of daar eindig. Al sou jy die wêreld op ’n ander manier benader, bly dit telkens ’n nuwe bril waardeur gekyk word na objekte wat in hulleself die potensiaal het om soveel lesings en interpretasies te verdra en te oorleef.

Bepaalde skrywers vang iets van menswees vas en is, soos Karolina Ferreira as danser, “begenadig” genoeg om talig daaraan gestalte te gee sodat hulle aanvoeling en insig en talent deur en in hulle gedigte voortleef. Daar is iets in die gedig wat dit moontlik maak. Daar is in die literêre werk en in taalaspekte wat bly oopstaan vir nuwe betekenis. Teoreties kan ’n mens dit probeer verklaar, maar ’n sluitende verklaring is daar nog nooit gevind nie.

Die gevolgtrekking wat nog steeds onvermydelik lyk, is dat in die beeldrykheid van taal iets setel van die onbegrensde van menswees, van die onvolledigheid en onvoldoende daarvan om te weet wat dinge in die werklikheid en in menselewens beteken. In die hand van ’n groot digter is dit hierdie eienskap van die poësie wat tyd kan transendeer. Miskien kan ’n mens dit, in aansluiting by Jankélévitch, omskryf as die misterieuse en verreikende verborgenheid van die teks wat bestaan het in taal, wat nooit weer nie kan bestaan het nie en waarmee as *viaticum* verder gereis moet word (vgl. die motto voor in Ricoeur 2004).

Wat die gewone poësieleser doen, is om te lees vir plesier, maar hy of sy sal waarskynlik ook groei en leer om steeds met meer insig te kan lees. Die taak van die literêre ondersoeker of akademikus is om op elke moontlike manier die literatuur te ondersoek om soveel moontlike soekligte daarop te rig. Maar in beide gevalle sal die lesing vervaag en die studie verouderd raak terwyl die teks self, eintlik haas onverklaarbaar, altyd weer gelees kan word en steeds opnuut ondersoek kan word om menslik relevante inhoudes daaruit te haal. Daar is altyd weer skrywers soos Van Wyk Louw van wie 'n mens weet: dit kan nooit weer wees asof hy nie daar was nie. N.P. Van Wyk Louw is inderdaad een van dié wat ons bagasie is, ons proviand, ons toerusting vir die toekoms.

Bibliografie

Algemene bronne

Adams, H. (red.). 1992. *Critical theory since Plato*. Fort Worth: Harcourt, Brace, Jovanovich College Publishers.

Bienenstock, M. 2010. Is there a duty of memory? Reflections on a French debate. *Modern Judaism*, 30(3):332–47.

Burger, W. (red.). 2006. *Die oop gesprek. N.P. van Wyk Louw-gedenklesings*. Pretoria: LAPA.

Brooks, C., J.P. Thibault en R.P. Warren. 1975 [1936]. *Approach to literature*. Englewood Cliffs, New Jersey, Londen, Sydney, Toronto: Prentice-Hall.

Callus, I., J. Corby en G. Lauri-Lucente. 2013. *Style in theory*. Londen: Bloomsbury.

Cattell, K. 2008. N.P. van Wyk Louw en die utopie van 'n nasionale letterkunde. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit van die Witwatersrand.

Cloete, T.T. (red.). 1991. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Coetzee, J.M. 1988. *White writing. On the culture of letters in South Africa*. Sandton: Radix.

Cope, J. 1982. *The adversary within. Dissident writers in Afrikaans*. Kaapstad: David Philip.

De Man, P. 1979. *Allegories of reading*. New Haven: Yale University Press.

Du Plooy, H. en H. Viljoen. 1991. Benaderingswyses in die literatuurwetenskap. In Cloete (red.) 1991.

Eliot, T.S. 1992. Tradition and the individual talent. In Adams (red.) 1992.

Erlich, V. 1955. *Russian formalism*. 'sGravenhage: Mouton.

Grové, A.P. 1974. *Die dokument agter die gedig*. Pretoria: Academica.

Hellinga, Gs. en H. Van der Merwe Scholtz. 1955. *Kreatiewe analise van taalgebruik: prinsipes van stilistiek op linguistiese grondslag*. Pretoria: Van Schaik.

- Heynders, O. 2010. Politics in poetry: epic poetry as a critique of Dutch culture. *Literator*, 31(3):79–100.
- Kayser, W. 1971. *Das sprachliche Kunstwerk*. Bern: Francke.
- Kirby, A. 2009. *Digimodernism: How new technologies dismantle the postmodern and reconfigure our culture*. New York: Continuum.
- Lindes, E. 1955. *Veelheid en binding: 'n Bydrae tot die ondersoek van die eenheidsprobleem in die literatuurwetenskap*. Amsterdam: Noord-Hollandsche Uitgevers Mij.
- Louw, N.P. van Wyk. 1981. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.
- Matz, J. 2011. The art of time, theory to practice. *Narrative*, 19(3):273–94.
- Olivier, G. 1992. *N.P. van Wyk Louw: Literatuur, filosofie, politiek*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Opperman, D.J. 1953. *Digters van Dertig*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Pawelski, J.O. en D.J. Moores (reds.). 2013. *The eudaimonic turn: Well-being in literary studies*. Madison: Fairleigh Dickinson University Press.
- Potkay, A. 2013. Foreword. In Pawelski en Moores (reds.) 2013.
- Ricoeur, P. 1984. *Time and narrative*. Chicago: University of Chicago Press.
- . 2004. *Memory, history, forgetting*. Chicago: University of Chicago Press.
- Senekal, J. (red.). 1986. *Teks leser konteks – Gedigte ontleed volgens eietydse metodes*. Johannesburg: Perskor.
- Todorov, T. 1999. Misbruik van die herinnering. *Raster*, 88.
- Toth, J. 2010. *The passing of postmodernism: A spectroanalysis of the contemporary*. Albany, NY: State University of New York Press.
- Vaessens, T. en Y. van Dijk (reds.). 2011. *Reconsidering the postmodern: European literature beyond relativism*. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Van Dijk, Y. en T. Vaessens. 2011. Introduction: European writers reconsidering the postmodern heritage. In Vaessens en Van Dijk (reds.) 2011.
- Van Rensburg, F.I.J. 2000. “Jy’t weggegaan” (N.P. van Wyk Louw): Die verhouding teks, konteks en buiteteks. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 40(2):165–75.
- Van Rensburg, F.I.J. (red.). 1982. *Oopgelate kring. N.P. van Wyk-gedenklesings 1–11*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Vuuren, H. 1989. *Tristia in perspektief*. Kaapstad: Vlaeberg.

Viljoen, H. 1986. "Die klou dui al die dier aan": Oor semiotiek en literatuur. In Senekal (red.) 1986.

Viljoen, H. en C.N. van der Merwe. 1998. *Alkant Olifant. 'n Inleiding tot die literatuurwetenskap*. Pretoria: Van Schaik Akademies.

Wellek, R. en A. Warren. 1962 [1949]. *Theory of literature*. Middlesex: Penguin.

Resensies en besprekings van bundels²⁰

Alleenspraak

Anoniem. 1935. Louw, N.P. van Wyk: *Alleenspraak*. *Ons Eie Boek*, April–Junie, ble. 31–3.

—. 1935. Louw, N.P. van Wyk: *Alleenspraak*. *Ons Tydskrif*, 3(5/6):116–7.

Dekker, G. 1935. Die nuwe geluid in ons digkuns: N.P. van Wyk Louw se bundel. *Die Burger*, 11 November.

Malherbe, D.F. 1935. *Alleenspraak*. *Die Burger*, 11 November.

Malherbe, F.E.J. 1948. N.P. van Wyk Louw. *Alleenspraak*. In Malherbe 1948.

—. 1948. *Wending en inkeer*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Mocke, S.I. 1936. *Alleenspraak*. *Die Vaderland*, 10 April.

Van den Heever, C.M. 1935. Louw, N.P. van Wyk: *Alleenspraak*. *Die Huisgenoot*, September, bl. 47.

Die halwe kring

Anoniem. 1938. N.P. van Wyk Louw: *Die halwe kring*. *Die Unie*, 33(9):398–9.

Beukes, G.J. s.j. Onrus is lewe – N.P. van Wyk Louw as enkeling. (Ander gegewens ontbreek in die NALN-dokumentasie.)

Dekker, G. 1938. Louw, N.P. van Wyk: *Die halwe kring*. *Die Huisgenoot*, Maart, bl. 17.

Kritzinger, M.S.B. 1938. Louw, N.P. van Wyk: *Die halwe kring*. *Ons Eie Boek*, 4(1):23–6.

Mocke, S.I. 1937. Die pen en die penseel. *Die Brandwag*, Desember, ble. 16–7.

Rosteutscher, J.H.W. 1941. N.P. van Wyk Louw en Stefan George. Duitse aspekte van *Die halwe kring*. *Ons Eie Boek*, 7(3):115–22.

Van Zyl, P.H.S. 1937. Indringende tesis wat nuwe lig op Groot Trek werp. *Die Brandwag*, Desember.

Gestaltes en diere

Dekker, G. 1943. Louw, N.P. van Wyk: *Gestaltes en diere*. *Ons Eie Boek*, 9(1):16–9.

Grové, A.P. 1955. By die herlees van Van Wyk Louw se “Ballade van die nagtelike ure”. *Standpunte*, 9(3):23–9.

Hudson, C. 1943. *Gestaltes en diere* deur N.P. van Wyk Louw. *Suid-Afrika*, 2(8):27.

Kok, B. 1942. Twee nuwe digbundels. (Ander gegewens ontbreek in die NALN-dokumentasie.)

Mulder, H.A. 1942a. Van Wyk Louw as digter-figuur. *Die Huisgenoot*, November, bl. 47.

—. 1942b. *Gestaltes en diere*. *Die Huisgenoot*, November, bl. 27.

Van der Bom-Luitingh, M. s.j. Verbeelding van boze. N.P. van Wyk Louw: *Gestaltes en diere*. (Ander gegewens ontbreek in die NALN-dokumentasie.)

Nuwe verse

Anoniem. 1955. *Nuwe verse*. *Helikon*, 4(19):23–4.

Antonissen, R. 1954. Van Wyk Louw het ’n geheel nuwe begin gemaak. *Die Huisgenoot*, November, ble. 46–7.

—. 1955. Twee digters tussen alles en niks. *Standpunte*, 9(4):45–53.

Blignault, A. 1954. Nuwe Verse deur N.P. van Wyk Louw. *Die Huisvrou*, November, ble. 9, 23.

Grové, A.P. 1954. Louw, N.P. van Wyk: *Nuwe verse*. *Ons Eie Boek*, 20(4):185–9.

Lindenberg, E. 1954. N.P. van Wyk Louw: *Nuwe verse*. *Tydskrif vir Letterkunde*, 4(4):87–8.

Louw, W.E.G. 1959a. Die nie só maklik nie! *Die Burger*, 15 April.

—. 1959b. “Die beitelkje”. *Die Burger*, 6 April.

Mocke, S.I. 1955. Nuwe digbundels van Opperman en Van Wyk Louw. *Die Bulletin*, 2(2):27.

Nienaber, C.J.M. 1956. Klipwerk – Sluierwerk. *Standpunte*, 10(4):37–41.

Scholtz, M. s.j. Twee groot digters aan die woord. (Ander gegewens ontbreek in die NALN-dokumentasie.)

Tristia

Anoniem. 1975. Tweede druk van gesogte digbundel. *Suidwester*, 31 November.

- Antonissen, R. 1963. Die beeld verby. *Standpunte*, 16(4):4–12.
- C.M. 1975. Louw se laaste vergroot. *Volksblad*, 10 Desember.
- Eksteen, L.C. 1967. Smal swaard en blink. *Standpunte*, 20(3):29–35.
- Grové, A.P. 1963. *Tristia*. Balling en vaderland. *Die Huisgenoot*, April.
- . 1968. Twee walvisgedigte. *Standpunte*, 21(5):18–21.
- Lindenberg, E. 1963. *Tristia en ander verse, voorspele en vlugte*. *Kriterium*, 1(2):8–13.
- Louw, W.E.G. 1965. N.P. van Wyk Louw se *Tristia* is 'n nuwe, onontdekte wêrelddeel. *Die Burger*, 14 Desember.
- Van der Walt, P.D. 1964. Van Wyk Louw, N.P.: *Tristia en ander verse, voorspele en vlugte*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 4(3):216–8.
- Van Heerden, E. 1965. Van Wyk Louw bied boeiende avontuur. *Dagbreek*, 21 April.
- Van Rensburg, F.I.J. 1965. Van Wyk Louw is ons jongste digter. *Volksblad*, 6 Julie.
- Raka**
- Bisschoff, B.P. 1968. *Raka*, deur N.P. van Wyk Louw. *Patrys*, 15(180):46–7.
- Coetzee, A. 1990. *Raka* en die massa. *Karring*, November, ble. 10–5.
- Coetzee, P.J. 1984. *Raka* – N.P. van Wyk Louw. *Die Unie*, Oktober, ble. 121–4.
- Coetzer, J.L. 1986. *Raka*. *Tydskrif vir Letterkunde*, 24(2):115–20.
- Combrink, L. 1993. Die hantering van *Raka* volgens 'n geïntegreerde benadering. *Klasgids*, 28(2):3–16.
- Dekker, G. 1941. *Raka*: 'n Belangrike epiese digwerk in Afrikaans. *Die Huisgenoot*, September, bl. 19.
- Du Toit, P.J. 1981. *Raka* – deur N.P. van Wyk Louw: 'n Epos wat herinner aan die tragedie. *Die Transvaler*, 14 Oktober, bl. 11.
- Grové, I.J. 2002. Die fyn, fyn net van die woord verklank: N.P. van Wyk Louw se *Raka* in musiek. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 42(3):224–35.
- Grové, S. 1996. *Raka*, vir klavier en orkes. *Insig*, Februarie, bl. 45.
- Jackson, N. 2003. Ander denke vandag. *Volksblad*, 17 Januarie, bl. 6.
- Lindenberg, E. 1967. Mens en dier in *Raka*. *Klasgids*, 2(4):19–21.

- Louw, W.E.G. 1941. Louw, N.P. van Wyk: *Raka*. *Ons Eie Boek*, 7(4):188–94.
- Marais, J. 1993. *Raka*, deur N.P. van Wyk Louw: Die agtergrond en simboliek van die gedig in die eietydse samehang. *Afrikaner*, 3 Desember, bl. 4.
- Morkel, A. 2007. Die omkeer van 'n tirannie deur vreemdes. *Afrikaner*, 26 Julie.
- Mulder, H.A. 1945. N.P. van Wyk Louw: *Raka*. *Ons Eie Boek*, 11(4):196–200.
- Odendaal, B. 2003. Van Wyk Louw 'n lastige Koki? *Volksblad*, 23 Januarie, bl. 8.
- P.d.T. 1941. *Raka*, N.P. van Wyk Louw. *Die Kerkbode*, 48(24).
- Peters, M. 2003. “Rooi draad” in N.P. van Wyk Louw se werk sê baie. *Beeld*, 6 Januarie, bl. 8.
- Prins, M.J. 1994. *Raka* (N.P. van Wyk Louw). *Tydskrif vir Letterkunde*, 32(2):124–32.
- Slabbert, H.R. 1981. Iets oor 'n “metafoor” in *Raka*. *Klasgids*, 16(2):34–7.
- Spies, L. 2006. Louw se held: Transendent gerig, weerloos. *Die Vrye Afrikaan*, 21 Julie.
- Van der Walt, P.D. 1967. *Raka* – N.P. van Wyk Louw. *Die Taalgenoot*. (Ander gegewens ontbreek in die NALN-dokumentasie.)
- Van Rensburg, F.I.J. 1969. 'n Belangrike rym in *Raka*. *Standpunte*, 23(2):43–8.
- Viljoen, H. 1988. *Raka* en mammon in ons kraal. *De Kat*, Mei, ble. 116–7.

Verborgte vuur

- Anoniem. 1990. O wye en droewe Land. *Die Suidwester*, 6 April.
- Botha, D. 1990. Gedigte en herinneringe aan gedigte. *Die Burger*, 7 Februarie, bl. 8.
- Cloete, T.T. 1990. 'n Nuttige keuse uit Louw se gedigte. *Beeld*, 2 April.
- De Villiers, D. 1990. Van Wyk Louw van naderby. *Die Kerkbode*, 5 Oktober.
- Kannemeyer, J.C. 1990a. Van Wyk Louw vir nie-akademiese lesers. *Die Burger*, 19 April.
- . 1990b. Vaardig onbelas deur die ballas van akademie. *Die Volksblad*, 21 April.
- Pakendorf, G. 1990. Van Wyk Louw in perspektief: Simpatie met fascisme vra historiese begrip. *Die Suid-Afrikaan*, April, bl. 31.

Versamelde gedigte

- Britz, E. 2005. Pous van die Roggeveld. *Die Burger*, 14 April.

- Coetzee, G.H.J. 1994. "Die strandjutowolf". N.P. van Wyk Louw. *Lantern*, Augustus.
- Cloete, T.T. 1981. Bundel is 'n groot digter waardig. *Die Volksblad*, 16 Julie.
- Eksteen, L. 1981. Pragwerk pas by Van Wyk Louw. *Beeld*, 12 Oktober.
- Olivier, G. 1981. Die aarde is nie eenvoudig. *Die Vaderland*, 30 Julie.
- Snyman, H. 1981. Die groot kuns van 'n groot digter. *Die Burger*, 2 Julie.
- Van Rensburg, F.I.J. 1981. 'n Kosbare bundel van N.P. van Wyk Louw sien die lig. *Die Transvaler*, 27 Julie.

Geselekteerde bronne tussen 1960 en 1970

- Anoniem. 1966. *Gestaltes en diere*. *Standpunte*, 19(5):29–30.
- Antonissen, R. 1965. Louw, N.P. van Wyk. *Standpunte*, 19(2):53–6.
- Blignault, A. 1961. Louw, N.P. van Wyk: 'n Keur uit sy gedigte. *Sarie Marais*, 2 Augustus.
- Cloete, T.T. 1963. *Op die woord af. Opstelle oor die poësie van N.P. van Wyk Louw*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Du Plessis, P.G. 1966. Aantekeninge by vier "Eusebius"-gedigte. *Standpunte*, 19(5):67–73.
- Grové, A.P. 1969. Die gesprek en die poësie by Van Wyk Louw. *Standpunte*, 22(4):3–9.
- Louw, W.E.G. 1961. Met drif en verlange gesien. *Die Burger*, 17 Mei.
- . 1961. Wat in sterre-en-helderte staan, skryf hy ná in stof ... *Die Burger*, 7 April.
- Van der Merwe, P.P. 1968. Die totstandkoming van 'n simbool. *Standpunte*, 1(3):34–48.
- Van Heerden, E. 1966. Aantekeninge by Van Wyk Louw se sonnette. *Standpunte*, 19(5):53–8.

Geselekteerde bronne tussen 1970 en 1990

- De Villiers, J. 1974. Aantekeninge oor die ironie en die uitkring-inkringmotief by enkele korter gedigte in *Tristia*. *Standpunte*, 27(5):40–54.
- Gilfillan, F.R. 1974. Heilige Nicolaas Petrus. *Standpunte*, 29(1):17–23.
- Kannemeyer, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur. Deel 1*. Kaapstad en Pretoria: Academica.
- Schmidt, W. 1981. Die religieuse in "Lucifer". *Klasgids*, 16(3):69–72.

Smith, M.E. 1988. Voorgeskrewe gedigte vir Standaard 9 en 10: "Die beitelkje" – N.P. van Wyk Louw. *Klasgids*, 23(1):19–24.

Van Gorp, H., R. Ghesquire, D. Delabastita en J. Flamend. 1991. *Lexicon van literaire termen*. Groningen: Wolters-Noordhoff.

Van Heerden, E. 1989. Van Wyk Louw, Rilke en Picasso. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 29(1):1–9.

Van Vuuren, H. 1976. Lig op twee "duister" *Tristia*-verse. *Standpunte*, 29(6):48–52.

Viljoen H.M. 1984. Die literêre sisteem van Dertig. *Literator*, 5(1):65–74.

Eindnotas

¹ Hierdie artikel is 'n geredigeerde en uitgebreide weergawe van die N.P. Van Wyk Louw-Gedenklesing wat op 12 September 2013 by die Universiteit van Johannesburg gelewer is.

² Hierdie problematiek word uitvoerig beredeneer in 'n artikel "The art of time, theory and practice" deur Jesse Matz (2011:273 e.v.).

³ Die verhouding tussen teorie en styl word uitvoerig beredeneer in *Style in theory. Between literature and philosophy* (Callus, Corby en Lauri-Lucente, 2013). Vgl. die volgende uitspraak: "More fundamentally still, has theory thought about its own style(s)? Has it been autotelic, self-referential, metatheoretical in that respect – or has it disregarded its own challenge to itself, the challenge of its own style(s)?" (Callus, Corby en Lauri-Lucente 2013:9).

⁴ Die volgende resensies van *Alleenspraak* is geraadpleeg: Malherbe (1935); Van den Heever (1935); Malherbe (1948); Mocke (1936); Dekker (1935); asook twee anonieme resensies in *Ons eie boek* en *Ons tydskrif*, albei ook in 1935.

⁵ Die volgende resensies van *Die halwe kring* is geraadpleeg: Dekker (1938); Rosteutscher (1941); Mocke (1937); Kritzinger (1938); Beukes (s.j.); Van Zyl (1937); asook een anonieme resensie in *Die Unie* (1938).

⁶ Resensies van *Gestaltes en diere* wat geraadpleeg is, is: Mulder (1942a); Mulder (1942b); Dekker (1943); Hudson (1943); Grové (1955); asook twee artikels waarvan ek nie die volledige gegewens kon opspoor nie, een van Kok (1942) met die titel "Twee nuwe digbundels" en een van Van der Bom-Luitingh (s.j.).

⁷ In die beskrywing van die modernistiese inslag in Louw se werk wat wel verband hou met die tradisie, vind mens dieselfde gedagtegang as in T.S. Eliot se essay "Tradition and the individual talent" (1992).

⁸ Resensies en besprekings van *Nuwe verse* deur onder meer die volgende kritici is nagegaan: Mocke (1955); Antonissen (1954); M. Lindenberg (1954); Blignault (1954); Grové (1954); Antonissen (1955); Nienaber (1956); Louw, W.E.G. (1959a) en (1959b), asook een anonieme artikel in *Helikon* en 'n bespreking van M. Scholtz waarvan ek nie die volledige gegewens kon opspoor nie.

⁹ Resensies en vroeë besprekings van *Tristia* sluit onder meer in: Antonissen (1963); Grové (1963); Lindenberg (1963); Van Rensburg (1965); Louw (1965); Eksteen (1967); Grové (1968); Van Heerden (1965). Van der Walt (1964); C.M. (1975) en 'n anonieme artikel in *Die Suidwester* (1975).

¹⁰ Ek verwys hier na die teksgerigte benaderings soos New Criticism, die *deutsche werkimmanente Methode* en die Russiese Formalisme wat die gangbare literêre benaderings vanaf ongeveer 1920 tot 1970 (op bepaalde plekke veel langer) was (vgl. Du Plooy en Viljoen in Cloete 1992:25–38).

¹¹ Uitgebreide besprekings van die dokumente “agter die gedigte” in *Tristia* kom voor in Grové (1974) en Van Vuuren (1989).

¹² Vir 'n uiteensetting van die basies vertrekpunte en kernaannames van die dekonstruksie vgl. Du Plooy en Viljoen (in Cloete 1992:25–38). Die opheffing van die verskil binne en buite in skryf in en om die literatuur word deur De Man (1979:5 e.v.) beredeneer, maar ook in sekondêre literatuur word die siening verwoord. In die uiteensetting van dekonstruksie in Van Gorp (1991:96) word met verwysing na die werk van C. Norris en J. Culler die volgende opmerking gemaak: “De deconstructivisten beogen een creatieve, selfs vreugdevolle lektuurschriftuur van de teks die zich graag inweeft in het intertekstuele woordweb ... de scheiding teks-metatekst wordt daarom opgeheven.”

¹³ Vergelyk die volgende artikels uit die 1960's: Louw (1961); Blignault (1961); Cloete (1963); Anoniem (1966); Van Heerden (1966); Antonissen (1965); Louw (1961); Grové (1969); Van der Merwe (1968); Du Plessis (1966).

¹⁴ 'n Keuse van artikels tussen 1970 en 1980 sluit die volgende in: De Villiers (1974); Kannemeyer (1978); Gilfillan (1974); Van Vuuren (1976); Van Heerden (1989); Schmidt (1981); Viljoen (1984).

¹⁵ Viljoen (1986) maak byvoorbeeld 'n uitgebreide ontleding van die gedig “Ex unguine leonem” om Louw se poëtiese hantering van die tekenproblematiek van taal te illustreer. Vir die groot aantal artikels en besprekings oor die werk van Van Wyk Louw wat na 1990 verskyn het, kan enige goeie databasis geraadpleeg word: EBSCOHOST, SA CAT.

Vergelyk ook Burger (2006).

¹⁶ 'n Lys van resensies en later besprekings van *Raka* sluit onder meer die volgende in: Louw (1941); Mulder (1945); P.d.T. (1941); Dekker (1941); Lindenberg (1967); Bisschoff (1968); Van der Walt (1967); Van Vuuren (1967); Rudolph (1966); Van Rensburg (1969); Van der Walt (1970); Coetzee (1984); Viljoen (1988); Du Toit (1981); Slabbert (1981); Coetzer (1986); Prins (1994); Grové (1996); Marais (1993); Coetzee (1990); Combrink (1993); Morkel (2007); Jackson (2003); Odendaal (2003); Peters (2003); Grové (2002); Spies (2006). Daar het met verloop van tyd gereeld berigte in koerante verskyn oor vertalings en opvoerings van *Raka*, asook baie besprekings in tydskrifte vir skoolonderrig.

¹⁷ Besprekings van *Verborge vuur* is deur die volgende kritici geskryf: Pakendorf (1990); Cloete (1990); Botha (1990); Kannemeyer (1990a); Kannemeyer (1990b); De Villiers (1990) en een anonieme bespreking in *Die Suidwester* in 1990.

Die verskyning van *Versamelde Gedigte* in 1981 is ook goed ontvang en bespreek deur onder meer Britz (2005); Van Rensburg (2000); Olivier (1981); Eksteen (1981); Van Rensburg (1981); Snyman (1981); Coetzee (1994); Cloete (1981).

¹⁸ Hierdie syfers is verkry van 'n soektog op inklusiewe Suid-Afrikaanse databasisse.

¹⁹ Die nawerking van Van Wyk Louw se oeuvre op ander digters, d.w.s. sy invloed as literêre of digterlike voorbeeld, regverdig 'n uitgebreide studie, aangesien hy soms as mentorfiguur gesien is en soms as die vaderfiguur, maar hy is ook die groot voorganger teen wie daar juis ingeskryf moet word. Hy is dus nagevolg en afgekraak, en aanvaar en verwerp in die werk van latere digters wat sowel tema as tegniek betref.

²⁰ Ek verskaf die bibliografiese gegewens van die resensies in aparte rubrieke om dit toegankliker te maak.